CURRO
Durbanville
Semper Curro

26 Januarie 2017

Beste Ouer/Voog

NUUSBRIEF 2/17

2017 is in volle gang. Ons het sopas ons interhuisbyeenkoms gehou en ons leerders se deelname en gees het almal beïndruk. Volgende week vind die interskole by die Groenpuntstadion plaas en ons sien uit na ‘n opwindende dag. Ook die afgelope graad 8-kamp was suksesvol en die lewens van ons graad 8-leerders is positief beïnvloed. Ons wil graag die volgende onder u aandag bring:

AKADEMIE

Aanlegtoetse: graad 9 en graad 11

Op Donderdag, 2 Februarie ontvang die skool hul jaarlikse besoek van *Human Progress Management* (HPM). Graad 9- en graad 11-leerders gaan aanlegtoetse aflê. Die graad 9’s se toetse fokus spesifiek op hul vakkeuses wat hul later in die jaar gaan maak en die graad 11’s se toetse is meer op loopbaankeuses gerig. Die graad 9-leerders hoef net boeke vir die laaste twee periodes te bring. Hulle pouses sal op ander tye plaasvind. Die graad 11-leerders moet al hul boeke saambring, aangesien die aflê van hul aanlegtoetse heelwat korter duur. Hierdie is ‘n wonderlike geleentheid waar die leerders met een van die belangrikste keuses in hul lewens ondersteun word. HPM toets ons leerders gratis, maar bied ‘n studiekursus teen ‘n koste aan. U is onder geen verpligting om met hulle te vergader óf u kind vir hierdie kursus in te skryf nie. U sal wel ‘n gratis kopie van die uitslae ontvang.

IEB-konferensies

Opvoeders sal weereens die IEB se nasionale- en streekskonferensies bywoon. Tydens hierdie konferensies word die vorige jaar se skoolgebaseerde assesserings, eksamenvraestelle, die nasien hiervan en die uitslae, bespreek. Waardevolle kurrikulumverwante inligting word ook oorgedra. Hierdie konferensies verseker dat opvoeders op hoogte met nuwe ontwikkeling bly.

Die normale skoolprogram sal op 3 en 17 Februarie gevolg word. Die skool sal steeds om 13:30 sluit.

- ***Nasionale konferensies op 3 Februarie***
  Gevorderde Wiskunde Program (AdMaths): *Me. A. Rossouw*
  RTT: *Mnr. R. Smit*

- ***Nasionale konferensies op 4 Februarie***
  Afrikaans Eerste Addisionele Taal: *Me. K. Viljoen*
  Besigheidstudies: *Mnr. C. Wiese*
  Verbruikerstudies: *Me. H. Crous*
  Dramatiese Kunste: *Me. L. Amann*
  Ingenieursgrafika en -ontwerpGO: *Mnr. C. Badenhorst*
  Geskiedenis: *Me. I. Swanepoel*
  Inligtingstegnologie : *Me. L. van der Vyver*
  Wiskunde: *Me. A. Rossouw*
  Fisiese Wetenskappe: *Dr. A. Rossouw*

- ***Streekskonferensies op 11 Februarie***
  Rekeningkunde: *Me. E. Boshoff*
  English Home Language: *Me. J. Swart*
  English Home Language: *Me. K. Myburgh*
  Geografie: *Me. K. Pollard*
  Lewensoriëntering: *Me. C. Fourie*
  Lewenswetenskappe: *Me. M. Viljoen*
  Lewenswetenskappe: *Mnr. C. Zimmermann*
  Wiskundige Geletterdheid: *Me. M. Claassens*
  Visuele Kunste: *Me. L. Palmer*

- ***Nasionale konferensies op 18 Februarie***
  Afrikaans Huistaal: *Me. C. Marais*
  English First Additional Language : *Me. M. Evans*
  Musiek: *Me. L. Janse van Rensburg*
  Musiek: *Me. J. Maritz*

KULTUUR

Koorkamp

Op Vrydag, 20 Januarie, het ongeveer 70 leerders die eerste koorkamp van die jaar bygewoon. Koorlede het hard gewerk om ’n opwindende jaar wat vir die koor voorlê, goed af te skop. Die koorkomitee vir 2017 is Saterdag aangekondig. ***Marko Rademan*** (leier), ***Rendani Ramakhybathi*** (onderleier), ***Nicole Fraenkel*** (sekretaresse) en ***Jade Williams*** (addisionele-lid) is tot die komitee verkies. Die koorlede het hulle verklaring van toewyding geteken. Baie dankie aan ’n baie toegewyde mev. Hattingh en mnr. Luitingh vir hulle harde werk, asook aan mnr. Deon van Zyl en mev. Swanepoel vir hulle tyd. Die koor se eerste optrede is op 23 Februarie, waar hulle saam met Emo Adams optree.

Curro-kore tree saam met Emo Adams op

Hou asseblief u kalender vir ons eerste fondsinsameling van die jaar op 23 Februarie, oop. Dit beloof om ‘n onvergeetlike aand te wees. Om teleurstelling te voorkom, moet u asseblief kaartjies vir hierdie geleentheid koop sodra dit volgende week beskikbaar is.

SPORT

Interhuis

Op 19 Januarie het ons jaarlikse interhuis-atletiekbyeenkoms plaasgevind. Die ***Wit Knights*** het die geesbeker gewen en die ***Blue Stallions*** het hard geveg om die atletiekbeker in te palm. Ons is trots om die volgende prestasies aan te kondig: Junior Victrix Ludorum: ***Tayla Jearey***, Junior Victor Ludorum: ***Dean Rautenbach***, Senior Victrix Ludorum: ***Tyla de Wet*** en Senior Victor Ludorum: ***Miguel Andrade***. Veels geluk!

Atletiek

Vier hoërskoolopvoeders het ‘n atletiekkursus by Hoërskool Swartland bygewoon. Die volgende opvoeders het opleiding ontvang: Me. M. Bouwer (spiesgooi), mnr. C. Botha (hoogspring), me. L. Ungerer (hoogspring) en me. J. Botha (naellope). Tien atlete het ook die kursus bygewoon. Hulle het afrigting van ‘n baie hoë standaard ontvang.

Skaak

Skaakproewe (Noordelike distrik) sal op 3 en 4 Februarie by Ravensmead Sekondêre Skool gehou word. Alle skaakleerders wat wil deelneem, moet voor 31 Januarie aanlyn by ***www.wcschess.co.za*** registreer. Oefentye is Woensdae van 15:00 – 16:00 in laboratorium 10.

Trompoppies

Vir die afgelope twee jaar het die trompoppiespan bewys dat hulle 'n span is om mee rekening te hou. Vanjaar wil ons die aantal spanlede vermeerder om selfs nóg hoër doelwitte te bereik. Ons nooi dus alle meisies om by die span te kom aansluit. Meisie wat vanjaar by die trompoppiespan wil aansluit, kan hulle by mnr. Smit kom inskryf.

ALGEMEEN

Graad 8-oriëntering:

Die baadjieseremonie sal op Vrydag, 27 Januarie net voor die "Big Brag" plaasvind. Hiertydens verwelkom die skool die graad 8-wolfies amptelik en word hulle deel van die Curro-wolwe. Graad 8-leerders moet asseblief sorg dat hul baadjies eerskomende Vrydag by die skool is. Ouerbywoning is opsioneel.

Klasleiers 2017

Hartlik geluk aan die volgende leerders wat as klasleiers verkies is:

8A1: Nell Ackerman en Meagan Schneigansz

8E1: Chris Swart en Anieke Steynberg

8E2: Tiaan Visagie en Erryn Troup

8E3: Holly-Jade Wigington en Nathan Just

8E4: Rudzi Ramakhubathi en Emma Beckley

8E5: Daniel Corbellari en Joshua Lombard

9A1: Marno Carstens en Carlia Greyling

9E1: Jimi Adeniyi en Jessica Visagie

9E2: Jana Botha en Owen Jones

9E3: Kiara de Gouveia en Connor Rademan

9E4: Danelle Joshua en Jarrod Da Silva

9E5: Vu'Rusha Dorasamy en Siabonga Nhlapo

10A1: Dharma Bredell en Peter Kastoor

10A2: Anja Breytenbach en Henju Duvenhage

10E1: Caitlin Paris en Joshua Mathiesen

10E2: Tia French en Regan Damons

10E3: Nathalie Pirie en Dylan Cooper

10E4: Jaime Nel en Israfeel Israel

11A1: Zoya Raubenheimer en Marno Stander

11E1: Klara Otte en Karl Klem

11E2: Michaela Davids en Gracious Izaks

11E3: Christopher Johnson en Jarrod Gallon

12A1: Robyn Genade en Herman Staal

12E1: Lincoln Coombs en Philip Kotze

12E2: Tristen du Toit en Erin Nel

12E3: Tyla de Wet en Patrick van der Vyver

Wolffees (*Wolf Fest*)

U word na ons jaarlikse Wolffees op Vrydag, 27 Januarie om 18:00, uitgenooi. Braaidromme en hout sal voorsien word vir ouers wat graag wil bring-en-braai, maar u is ook welkom om u eie piekniekmandjie te pak óf van die heerlike boereworsrolle en hamburgers by Coffee@Curro te koop. Kom geniet die verskillende aktiwiteite soos karnavalspeletjies, sokker, raakrugby, musiek, "Laser Tag" en 'n reuse glyplank, saam met ons.

Bloedskenk

Op 31 Januarie hou ons, in samewerking met die WPBOD (Westelike Provinsie Bloedoortappingsdiens) 'n groot *Bloei-vir-'n-dag*-veldtog! Ons nooi almal uit om van 12:00 – 18:00 by die CR van der Merwe-saal 'n draai te maak, een eenheid bloed te skenk en só moontlik drie mense se lewens te red. Ons mikpunt is om 150 eenhede op die dag in te samel. As jy nog nie 'n nuwejaarsvoorneme het nie, begin op 31 Januarie en maak 2017 'n jaar van bloedskenk! Besoek gerus www.wpblood.org.za vir meer inligting oor die moets en moenies van bloedskenk.

Robotikaklub

Geïnteresseerde leerders word uitgenooi om by die robotikaklub wat in Februarie 2017 met hul verrigtinge begin, aan te sluit. Mev. Van der Vyver sal binnekort meer inligting verskaf.

BELANGRIKE DATUMS:

JANUARIE

26	Gr. 8 – 11: Oueraand
27	“Wolf Fest”
30	Interskole-atletiek
31	“Blood drive” (Bloedskenk-veldtog)

FEBRUARIE

1	Toetsreeks begin
2	Gr. 9 en 11: Loopbaantoetsing
3 - 4	IEB-konferensie
3	SAMO: Inskrywings sluit
8	Maynardville: ***Twelfth Night***

Ons het 2017 baie goed afgeskop en ons vertrou ons gaan hierop voortbou. Ons ouer- en leerderbetrokkenheid is baie spesiaal en ons waardeer dit.

Vriendelike groete.

Mnr. J.D. Vermeulen
Operasionele Hoof: Hoërskool

Mnr. D.D. van Zyl
Uitvoerende Hoof